Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
2 September 2010

Afkopings en vervallings in lewensversekering neem deurlopend af

Suid-Afrikaanse lewensversekeraars het in die eerste helfte van vanjaar 'n toename van 15% in nuwe individuele besigheid ervaar in vergelyking met dieselfde tydperk verlede jaar. 'n Premie-inkomste van R32,8 miljard is in die eerste ses maande van vanjaar ten opsigte van nuwe individuele besigheid verdien teenoor die R28,5 miljard van die eerste helfte van verlede jaar. In vergelyking met die tweede helfte van verlede jaar het die langtermynversekeringsbedryf egter 'n effense afname van 2% in nuwe individuele besigheid ervaar.

Die klein afname ten opsigte van nuwe besigheid op 'n halfjaarlikse grondslag is die gevolg van laer verkope wat herhalende premies betref, sê mnr. Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA).
Besigheid ten opsigte van herhalende premies is volgens Dempsey siklies van aard en die neiging is dat dit stewiger in die tweede helfte van 'n jaar is. "Dit is die rede waarom die eerste helfte van elke jaar gekenmerk word deur 'n afname in inkomste ten opsigte van herhalende premies as dit met die tweede helfte van die vorige jaar vergelyk word."

Dempsey sê nuwe enkelpremiebesigheid het egter vanjaar op dieselfde vlakke gebly in vergelyking met die tweede helfte van verlede jaar as gevolg van enkelpremie-uittree-annuïteite se verkope.

Volgens Dempsey het die verkope van enkelpremie-uittree-annuïteite in die eerste helfte van vanjaar met 'n yslike 44% tot R4,2 miljard toegeneem in vergelyking met die eerste en tweede helftes van verlede jaar. Hy sê dat terwyl die verkope van enkelpremie-uittree-annuïteite verlede jaar traag verloop het en in die eerste en twee deel van die jaar op die R2,9 miljard-vlak gebly het, het dit in die eerste helfte van 2010 byna verdubbel.

Dit is onmoontlik om presies te verklaar waarom verbruikers skielik besluit het om aansienlike bedrae in enkelpremie-uittree-annuïteite te belê, sê Dempsey. Hy wys egter daarop dat dit kenmerkend van baie selfwerksame beleggers is om aan die einde van die belastingjaar in Februarie enkelbedrae in uittree-annuïteite (UA's) te belê om baat te vind by die belastingtoegewings daarop.

Ondanks 'n algemene trae eerste helfte van die jaar, verkeer die plaaslike lewensversekeringsbedryf steeds in goeie welstand met bates wat verpligtinge stewig oorskry, sê Dempsey.

Oorskotbedryfsbates het aan die einde van Junie vanjaar meer as dubbel die vereiste wetlike reserwebuffer beloop. Die lewensversekeringsbedryf se totale bates het aan die einde van Junie vanjaar op R1,14 triljoen te staan gekom met oorskotbates (alle verpligtinge en minimum wetlike reserwes in ag geneem) wat 'n gesonde R70 miljard beloop het.

"Dit is goeie nuus vir polishouers aangesien dit daarop neerkom dat lewensversekeringsmaatskappye in 'n baie gunstige posisie is om hul verpligtinge ten opsigte van betalings aan kliënte na te kom," sê Dempsey.

Afname in afkopings en vervallings

Goeie nuus vir verbruikers en die lewensversekeringsbedryf is volgens Dempsey die afname in afkopings en vervallings.

‘n Polis word afgekoop wanneer die polishouer die betaling van premies staak en die fondswaarde voor die uitkeerdatum onttrek. Die afkoop van ‘n polis het volgens Dempsey feitlik altyd ‘n negatiewe invloed op ‘n langtermynspaarplan.

Die waarde van afgekoopte individuele polisse het van R18,7 miljard in die tweede helfte van verlede jaar tot R17,2 miljard in die eerste helfte van vanjaar verminder – ‘n afname van 8%.

Die hoë vervalkoers van polisse was volgens Dempsey jare lank ‘n bron van groot kommer vir die langtermynversekeringsbedryf. ‘n Vervalling vind plaas wanneer die polishouer die betaling van premies staak voordat die fondswaarde die onverhaalde koste oorskry. Dit beteken dat die opbetaalde (of afkoop-) waarde nul is.

Die vervalkoers het egter gedurende die laaste drie halfjaarlikse verslaggewingstydperke deurlopend afgeneem. In die eerste helfte van vanjaar was daar ‘n afname van 2% ten opsigte van vervalle polisse in vergelyking met die tweede helfte van verlede jaar en ‘n vermindering van 6% teenoor die eerste ses maande van 2009.

In die eerste helfte van vanjaar is ‘n totaal van 2,5 miljoen polisse laat verval – 1,3 miljoen eerstejaarpolisse en 1,2 miljoen tweedejaarpolisse. In die tweede helfte van verlede jaar is 2,6 miljoen polisse laat verval en in die eerste helfte van verlede jaar het dit 2,7 miljoen beloop. Die gemiddelde maandelikse premie van polisse wat in die eerste ses maande van vanjaar laat verval is, het R87,91 bedra.

Volgens Dempsey moet die vervalkoers beskou word teen die agtergrond van nuwe herhalende premiebesigheid wat gedurende dieselfde tydperk gesluit is. Terwyl nuwe herhalende premies in die eerste helfte van vanjaar (uitsluitende kredietlewenspolisse) R5,6 miljard bedra het, is net R1 miljard ten opsigte van eerstejaarpremies laat verval.

Die afname in afkopings en vervallings kan volgens Dempsey daaraan toegeskryf word dat baie lewensversekeringsmaatskappye hul ingesteldheid ten opsigte van die sluit van kwaliteitsbesigheid en die behoud daarvan in die nadraai van die internasionale finansiële krisis verskerp het.

“Die getal oproepsentrums wat polisse regstreeks aan verbruikers verkoop, het ook verminder. Terselfdertyd het oproepsentrums wat steeds besigheid doen die kwaliteit van hul nuwe besigheid verbeter.”

Voordeelbetalings

Die lewensversekeringsbedryf het in die eerste helfte van vanjaar voordele van meer as R90,6 miljard aan begunstigdes, polishouers en pensioenfondslede betaal as gevolg van doods- en ongeskiktheidseise, uitkerings, afkopings en pensioen- en annuïteitsuitbetalings, sê Dempsey.

Dit is 9% minder as in die tweede helfte van verlede jaar toe voordele ter waarde van R99,7 miljard betaal is, maar 19% meer as wat in die eerste helfte van verlede jaar betaal is. Die afname in individuele voordeelbetalings is deels as gevolg van die laer afkoopkoers.

Individuele polishouers het in die eerste helfte van vanjaar voordeelbetalings van R49,8 miljard van die lewensversekeringsbedryf ontvang. Groepskemas en pensioenfondse het voordeeleise ter waarde van R40,8 miljard uitbetaal.

Hoe vaar Zimele?

Altesame 2,1 miljoen Zimele-goedgekeurde polisse was teen die einde van Junie 2010 van krag (1,9 miljoen teen die einde van Desember 2009) en 1,3 miljoen Zimele-goedgekeurde kredietlewenspolisse.

Zimele-goedgekeurde begrafnisdekking is in 2007 bekend gestel en in 2008 het sommige lewensversekeringsmaatskappye ook kredietlewensversekering, lewensdekking en dekking vir liggaamlike ongeskiktheid onder die Zimele-handelsmerk beskikbaar gestel. Die doel van die Zimele-handelsmerk is om Suid-Afrika se laeinkomsteverdieners – diegene wat R3 000 of minder per maand verdien – te help om maklik die lewensversekeringsprodukte te identifiseer wat aan die minimum beskermingsvereistes van die Finansiële Sektor se Handves voldoen.

Die meeste Zimele-polisse is volgens Dempsey in Gauteng verkoop, gevolg deur KwaZulu-Natal en dan die Oos-Kaap. In al die provinsies besit meer vroue as mans Zimele-polisse.

Einde

Nota aan Redakteurs: Die verkoopstatistieke van die langtermynversekeringsbedryf is gegrond op inligting wat ontvang is van lewensversekeringsmaatskappye wat voorheen lede van die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA) was en tans lede van ASISA is. Die inligting van lewensversekeringsgelisensieerde beleggingsinstellings wat nie voorheen lede van die LOA was nie, is nog nie by die verkoopsyfers ingesluit nie.

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).